medihelp
mediese skema

# COVID-19-bystand

Medihelp is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (FSP No 15738)

*Die COVID-19-pandemie en die gevolge daarvan het 'n geweldige uitwerking op lede sowel as sakeondernemings, en skep heelwat onsekerheid. Medihelp antwoord sommige van die algemeenste kwelvrae rakende voordele vir COVID-19 en ondersteuning in hierdie moeilike tydperk hieronder.*



Sticking Together
WHILE STAYING APART

# Sal ek dekking hê indien ek die virus opdoen?

Ja. Jy kan gerus wees dat ons omvattende dekking bied op alle Medihelp-opsies binne en buite die hospitaal vir die behandeling van COVID-19 indien dit ingevolge die kriteria vir voorgeskrewe minimum voordele (VMV) kwalifiseer. Die volgende is 'n opsomming van die kern- en dag-tot-dag-voordele.

## Voordele vir konsultasies en patologie

**Volle dekking vir VMV – kriteria geld:**


Ons bied dekking vir konsultasies by algemene praktisyns en spesialiste, asook vir telefoon en/of videokonsultasies volgens die riglyne wat die Suid-Afrikaanse Raad vir Gesondheidsberoepe opgestel het, asook vir COVID-19-patologietoetse wat uitgevoer moet word ooreenkomstig die **kwalifiserende toetskriteria** toetsuitslag. Die kwalifiserende kriteria is:

- Jy moet ’n siftingstoets ondergaan en moet deur ’n mediese **dokter verwys word**; en
- Die toets moet geëis word onder die toepaslike kliniese kodes vir COVID-19.
- Die toets moet ook versoek word vir ’n **vermeende** COVID-19-geval; of
- Die toets moet versoek word vir ’n pasiënt wat ’n **hoë risiko** vir COVID-19 het. Hoërisikopasiënte sluit in dié wat in noue kontak met ’n bevestigde of vermeende COVID-19-geval was, wat gereis het na gebiede met ’n hoë COVID-19- risiko, of wat ’n gesondheidsorgfasiliteit besoek het waar pasiënte met die virus behandel is.

**Dekking uit jou beskikbare dag-tot-dag-voordele/spaar-rekeningfondse:**

Hierdie voordeel geld indien die bogenoemde kriteria vir COVID-19 nie van toepassing is nie, asook vir enige asimptomatiese, herhaalde negatiewe toetse of hertoetsing (binne en buite die hospitaal) en opvolgbehandeling ná ’n positiewe toets. Ons dek:

- Konsultasies by algemene praktisyns en spesialiste, asook telefoon en/of videokonsultasies
- Toetsing vóór opname in ’n hospitaal vir siektes/prosedures wat nie met COVID-19 verband hou nie, indien die uitslag negatief is.



## Toetsriglyn

- Indien VMV-kriteria geld: Indien jou **eerste toets positief** is, betaal ons dit uit jou kernvoordele. Indien jou eerste toets negatief is en die volgende toets is ook negatief, betaal ons beide toetse uit jou kernvoordele, asook 'n daaropvolgende positiewe toets.
- Standaardtoetsing voor opname in 'n hospitaal vir 'n siekte wat nie met COVID-19 verband hou nie, word uit jou dag-tot-dag-voordele gedek.

# Wat moet ek doen indien ek vermoed dat ek COVID-19 het?

### Skakel jou dokter

- Indien jy die algemene simptome toon wat met COVID-19 geassosieer word (koors, hoofpyn, seer keel, loopneus, hoes, griepsimptome soos seer spiere, moegheid, kortasemigheid) en vermoed dat jy blootgestel is, skakel jou huisdokter om te reël vir 'n afspraak of 'n telefoonkonsultasie.
- Jou dokter sal jou leiding gee oor die volgende stappe wat jy moet doen. Indien jy nie 'n huisdokter het nie, gebruik ons soekfunksie om 'n dokter te vind.
- 'n Voordeel vir persoonlike beskermende toerusting (PPE) is by die algemene praktisyn se konsultasiefooi ingesluit

### Jou dokter sal jou verwys vir 'n toets

- Jou dokter moet jou verwys om getoets te word en sal jou meedeel by watter fasiliteit jy die toets moet laat doen.
- Wenk: Moenie kougom kou, met 'n antiseptiese middel gorrel of 'n suigtablet vir 'n seer keel suig voordat jy getoets word nie, aangesien dit die virus kan maskeer en jou toetsuitslag kan beïnvloed.

### Wag vir die toetsuitslag

- Dit kan tot 72 uur neem voordat jy jou toetsuitslag kry. In hierdie tyd is dit raadsaam dat jy en jou gesin selfisoleer as 'n voorkomende maatreël.
- Monitor jou simptome en sorg dat jy jou dokter se raad en die aanbevole behandeling volg.
- Die meeste pasiënte herstel tuis, maar indien jou simptome vererger (insluitend kortasemigheid, verwardheid of maagpyn) kontak jou dokter dadelik.

# Wat moet ek doen indien ek positief toets?

Jou dokter sal jou meedeel indien jy positief vir COVID-19 getoets het. Jy moet dan vir minstens 10 dae in selfisolasie bly. Onthou dat net pasiënte met ernstige simptome hospitalisasie sal benodig.

Daar is 'n funksionaliteit op die Member Zone beskikbaar waar jy jou besonderhede kan oplaai om jou diagnose te registreer indien jy positief toets. Laai asseblief ook jou toepaslike voorskrif en toetsuitslag op om jou toestand vir VMV te registreer.



# Hospitaalvoordele

Die meeste pasiënte wat positief vir COVID-19 toets, herstel tuis. Indien jy egter gehospitaliseer moet word om vir ernstige COVID-19-simptome behandel te word, sal Medihelp jou behandeling dek uit die voordeel wat spesifiek vir hierdie doel voorsien is.

Onthou asseblief dat die normale **voorafgoedkeuringsproses vir hospitaalopnames** steeds toepaslik is en dat jou dokter 'n rede vir jou opname asook 'n behandelingsplan moet voorsien om voorafgoedkeuring vir die hospitaalopname te kry (nie van toepassing op noodopnames nie).

**Sal daar 'n hospitaalbed vir my beskikbaar wees?**

Privaat hospitale het aangedui dat daar beddens beskikbaar is.

**Sal ek gedek wees indien ek by 'n tydelike hospitaal opgeneem moet word, byvoorbeeld by Nasrec?**

Ja. Medihelp dek ook hospitaalopnames by by tydelike hospitale of staatshospitale.

**Indien ek op 'n netwerkopsie ingeskryf is en ek word by 'n hospitaal buite die netwerk opgeneem, moet ek 'n bybetaling maak?**

Ons sal elke geval op meriete beoordeel. Indien daar nie 'n bed in 'n netwerkhospitaal beskikbaar is nie, sal jy nie 'n bybetaling hoef te maak nie.

**Hoe werk nauurse opnames indien ek nie vooraf goed-keuring kan kry nie?**

Jy kan die volgende werkdag goedkeuring versoek en die hospitaal kan jou lidmaatskap bevestig op die beveiligde webblad vir gesondheidsorgverskaffers.

**Indien daar nie beddens beskikbaar is nie en ek benodig suurstof tuis, sal Medihelp daarvoor betaal?**

Ja. Alle lede het voordele beskikbaar vir suurstof wat tuis gebruik word. Volg bloot die normale proses om voorafgoedkeuring te versoek.

# Voorskrifte vir chroniese medisyne

**Wat van die voorskrif vir my chroniese medisyne – is dit nodig dat ek 'n herhaalvoorskrif by my dokter kry?**

Ja. Jy kan jou dokter telefonies versoek om 'n herhaalvoorskrif uit te reik en dit vir jou of die apteek te stuur. Indien jy skedule 5- of 6-medisyne benodig, moet jy die oorspronklike voorskrif by die apteek inhandig, aangesien dit wetlik vereis word.

# COVID-19-inligting en video's

Medihelp se spesiale COVID-bladsy bevat relevante en opgedateerde inligting met handige wenke en kort video's oor onder andere selfisolasie en geesteswelstand gedurende hierdie tydperk.



# Watter finansiële bystand bied Medihelp aan lede en werkgewersgroepe?

Medihelp het sedert Maart 2020 verskillende opsies vir finansiële bystand aan lede en sakeondernemings gebied. Lede kon afgradeer na 'n meer bekostigbare opsie vir 'n tydperk van drie maande of kies om op die opsie aan te bly tot die einde van die jaar. Die opsie om aansoek te doen vir die gebruik van opgehoopte spaarrekening-fondse om ledegeld te betaal is steeds beskikbaar, en die opsie om aansoek te doen vir die uitstel van premiebetalings is beskikbaar vir 'n periode van drie maande.



# Kan lede van Prime 2 en Unify aansoek doen om hulle spaarrekeningfondse te gebruik?

Lede van Prime 2 of Unify wat 'n kredietbalans in hulle spaarrekening het, kan hierdie fondse gebruik vir die betaling van hul maandelikse ledegeld. Die fondse wat vir hierdie doel gebruik kan word, verwys na die "kontantgedeelte" en nie die kredietfasiliteit wat aan die begin van die jaar beskikbaar gestel word nie.

**Om aansoek te doen** om jou geakkumuleerde spaarfondse te gebruik, voltooi asseblief hierdie vorm en e-pos dit na subscriptions@medihelp.co.za.

**Sal ek geregtig wees op my maandelikse belastingkrediet indien ek verkies om my ledegeld uit my spaarrekening te betaal?**

Ja. Onthou om dit op jou jaarlikse belastingopgawe te verklaar, aangesien dit nie as 'n aftrekking op jou IRP5 sal verskyn nie.

# Hoe kan ek aansoek om uitstel van my premiebetalings doen?

Indien jy vir die uitstel van ledegeldbetalings wil aansoek doen, voltooi asseblief hierdie vorm en e-pos dit na debtors@medihelp.co.za om ons nie later nie as **31 Augustus 2020** te bereik.